Nuwe haasbekkies word verwelkom

Skoene is gepolitoer, hare is netjies, skooldrag is aangetrek en die opgewondenheid is hoog vir die nuwe graad een leerders wat nou in die "groot skool" is. Tussen trane en glimlaggies deur, sit elkeen in hul nuwe klas vir die jaar. Op die foto bo links: Graad 1A en regs graad 1B.

Graad R's geniet nuwe skool

Die graad R klas is amptelik in hul splinternuwe klaskamer ingetrek. Hulle is bederf met hul eie area rondom die klassie en sien sommer baie uit vir die nuwe en lekker aktiwiteite wat vir hulle wag.

Kleuterkasteel skop 2018 af

Welkom aan al die kleuters by die Kleuterkasteel.

Heilbron verwelkom nuwe fisioterapeut

Heilbron verwelkom 'n nuweling in die gemeenskap. Rodré Olivier kom al die pad van Kimberley af en vestig haarself in Heilbron. Sy het in 2012 by Hoërskool Noord-Kaap gematrikuleer en na skool fisioterapie gaan studeer in Bloemfontein. In 2017 het Olivier haar gemeenskapsjaar in Vereeniging voltooi en besluit om haar praktyk in Heilbron te begin. "Van dag een af kon ek nog nie een keer kla oor Heilbron nie. Al is die dorpie self nie groot nie, dink ek die feit dat almal mekaar ken en mekaar ondersteun, maak dit dié dorp 'n lekker plek. Ek kan nie wag om myself hier te vestig nie," meen Olivier opgewonde.

Rodré Olivier
PHYSIOTHERAPY
FISIOTERAPIE
BSc.(Hons) Fisioterapie (UFS)
Kerkstraat 41, Heilbron
9650
Kontak haar by -
Sel: 074 019 8087
E-pos: rodrefisio@gmail.com

Herald
OUTDOOR BRANDING
Valid Until 8 February 2018
058 852 3033 | heraldgraphics2@heilbron.co.za

1x Aluminium Gazebo (3m x 3m)
2x Pop-up Banners (1.5m x 0.7m)
2x Director Chairs
2x 3m Telescopic Banners (Singlesided)
1x Folding Table
1x Table Cloth (2.4m x 1.4m)
For Only
R10,950.00
Excl VAT
ALL PRICES INCLUDE FULL COLOUR PRINT
PRICES EXCLUDES VAT AND DESIGN COST